

Navorsing ontleed

LAURENTIA ROBERTSON

DIE opgewondenheid onder die groep navorsers is onmiddellik merkbaar en voor jy jou oë knip besef jy dit is ook aansteeklik.

Die navorsingsgroep, bestaande uit wetenskaplikes en studente van die Universiteit van Johannesburg en die Universiteit van Guelph in Kanada, is besig met 'n 17 dae lange projek om monsters van plante en diere te neem sodat dit uiteindelik ontleed kan word en 'n spesifieke DNS-strepieskode gegee kan word.

Die koderingsprojek staan bekend as die International Barcoding of Life (iBOL)-projek wat uit Kanada bestuur word.

Die insamellingsgedeelte van die algehele projek het verlede Maandag (20 September) by die Klipbokkop-bergoord op die Villiersdorppad sowat 30 km buite Worcester afgeskop.

Volgens Marius Burger, die reptielkundige onder die navorsers, is dié area juis gekies omdat dit aan die vereistes van die projek voldoen.

Hulle fokus op biodiversiteitskookpunte – 'n klein area met baie biodiversiteit (verskillende soorte plante en diere) en endomisme ('n reuse-hoeveelheid van die plante en diere wat daar voorkom word nêrens anders gevind nie).

Die groep se mikpunt is om 1 500 monsters met die veldtog in te samel, maar volgens Burger het hulle binne vyf dae reeds die helfte daarvan ingesamel.

Dit is na alle waarskynlikheid die eerste keer dat so 'n groot groep navorsers (elk 'n deskundige op sy gebied) saam werk aan 'n klassifikasie-projek van die omvang. Elke verskillende lewensvorm (plant, gogga, spinnekop, slang, voël of vis) word op 'n ander manier versamel en behou.

Die monsters wat hier ontdek word, word plaaslik vir verdere navorsing bewaar, terwyl 'n klein gedeelte vir genetiese ontleding na Kanada geneem word.



Navorsers van Kanada en Suid-Afrika versamel plante en diere 30 km buite Worcester vir 'n projek wat beoog om 'n DNS-strepieskodering vir alles wat leef en beef te gee. Foto: Laurentia Robertson